# REDAKSIONEEL

Met **Scriptura** se eerste uitgawe was die redaksie onseker of genoeg materiaal beskikbaar sou kom - en of daar 'n lesersaanvraag sou wees - om nog 'n tydskrif te regverdig. Daarom is **Scriptura** gepubliseer wanneer materiaal voorhande was. Gou het **Scriptura** soveel aftrek gekry dat vier uitgawes per jaar geregverdig kon word. Vanaf 1986 het ons dus administratief begin werk na 'n kwartaallikse publikasieprogram toe. Dis vir ons aangenaam om aan te kondig dat **Scriptura** vanaf 1 Januarie 1988 formeel kwartaalliks sal verskyn, intekenaars dus 'n jaarlikse intekengeld sal betaal, en die ou, verwarrende stelsel beëindig sal word.

Terwyl dit oor geld gaan: ons beleid bly steeds om die tydskrif op die goedkoopste reproduksiewyse moontlik te produseer. Vanselfsprekend vereis ons visuele aantreklikheid - en sal dit in die afsienbare toekoms nog verbeter. Met behulp van die sogenaamde lessenaar-drukproses slaag ons daarin om teen minimale koste, sonder enige subsidie vir drukkoste, 'n tydskrif te lewer wat - na ons mening - gehalte-leesstof bied. As daar intekenaars is wat **Scriptura** wyer bekend wil stel, kan hulle gerus ons leuse verduidelik: akademiese gehalte, waarde vir geld en finansiële onafhanklikheid.

Ten slotte, **Scriptura** word onregstreeks geraak deur 'n onlangse ontwikkeling in die Departement Bybelkunde aan die Universiteit van Stellenbosch. Inligting in dié verband word breedvoeriger net hierna gegee.

Johann Kinghorn
Waarnemende redakteur.

# FROM THE EDITOR

With **Scriptura's** first issue the editorial staff were uncertain whether sufficient material would become available - and whether a readership existed - to justify yet another journal. For this reason **Scriptura** was published whenever material was at hand. However, soon the demand for **Scriptura** justified four issues per annum. Since 1986 we have been working administratively towards a quarterly printing programme. We have pleasure in announcing that as from 1 January 1988 **Scriptura** will formally be published quarterly, and subscribers will pay an annual subscription, thereby terminating the previous confusing system.

Speaking of money: it is still our policy to publish the journal by means of the cheapest reproduction process available. We obviously demand certain standards of visual appeal - and hope to improve this aspect of the journal further. By means of the so-called desk-top printing processes we now produce a journal - containing in our view, top-quality reading-matter - at a minimal cost, without subsidy for printing expenses. Should subscribers care to introduce **Scriptura** to a wider readership, please explain our motto: academic quality, money's worth, and financial independence.

Finally, **Scriptura** will be affected indirectly by a recent development in the Department of Biblical Studies at the University of Stellenbosch. More information is given in the announcement which follows.

**Johann Kinghorn**
Acting editor.